

ONS HET DIE BYBELMONUMENT GEBOU

Wat seker in die toekoms beskou sal word as een van die mees sonderlinge monumente in Suid-Afrika, is so pas op Grahamstad voltooi, nl. die Bybelmonument waarmee ruim vyf jaar gelede 'n begin gemaak is. Hierdie monument is op 17 Desember 1962 deur Staatspresident C. R. Swart onthul en staan op die plek waar 'n Bybel aan die Voortrekkers oorhandig is.

Die gedagte om hierdie Monument te bou, het op Grahamstad ontstaan tydens die sonderlinge pelgrimstogte wat sedert 1956 in dié distrik gehou word. Hierdie pelgrimstogte word gehou om as stimulus te dien vir die viering van Setlaarsdag en bestaan uit motoroptogte na plekke van geskiedkundige belang wat met die 1820-Setlaars in verband staan. Omdat hierdie pelgrimstogte in die verlede so geslaagd was, is baie plekke „herontdek” wat reeds in die vergetelheid geraak het, maar wat op hierdie wyse weer opnuut onder die mense se aandag gekom het. So bv. het die mense in groot getalle na een van die laaste oorblywende gefortifiseerde woonhuise van die 1820-Setlaars, Barville Park, gestroom. Ook die ou opslagplek waar die mense van Cuylerville hulself tydens die Sesde Kafferoorlog (1835) teen die kafferaanvalle verskans het, ten einde die aanval die hoof te bied, het groot belangstelling geniet.


Na aanleiding van hierdie „ontdekkings”, het die gedagte ontstaan om die plek te soek waar die woonhuis van Lukas Meyer gestaan het, op wie se plaas, „De Rietfontein”, die dorp Grahamstad in 1812 aangelê is en om die plek te probeer vind waar die Engelssprekende inwoners van Grahamstad en omgewing, 'n Bybel aan die trekgeselskap van Voortrekker Jacobus Uys oorhandig het.

Met behulp van ou landkaarte, lugfoto's en oorlewerings is die wapad gevind wat in 1820 en later, die hoofweg van Algoabaai na Albanie was. Die spore van die ou pad is vandag nog duidelik in die gras en tussen die bosse sigbaar. Ook is die uitspanning gevind waar die trekgeselskap van Jacobus Uys vir ongeveer 'n week lank gestaan het toe hulle by Grahamstad, op hulle pad na die Noorde, aangekom het. Hier is by benadering 'n plek aangedui waar die Monument, wat die oorhandiging van die Bybel in herdenking sou bring, gebou is.

Voordat egter tot 'n finale besluit gekom is, is historici, lede van die Departement van Geskiedenis van die Universiteit van Rhodes en ander gesaghebbende persone, byeengebring om die bewysstukke en die aangeduide plek self te ondersoek. 'n Komitee is gevorm, bestaande uit lede van die Gelofteadagkomitee van Grahamstad en die Setlaarsfeeskomitee, met opdrag om die plek op een of ander wyse te merk.

Tydens 'n gedenkwaardige Geloftefees op 16 Desember 1957, is 'n kilpstapeling gehou op die plek waar die beoogde Monument sou staan. In hierdie klipstapel is daar klippe afkomstig van die ou opstal van „Swart” Dirk Uys, op Wakkerstroom, Transvaal, van die ou woning van Pieter Lafras Uys, geleë aan die Kromrivier naby Humansdorp in Kaapland, van die bouvalle van die ou kerkie op „Kerkplaas”, naby Humansdorp, waar

Piet Uys se kinders vermoedelik gedoop is, terwyl hy in die omgewing woonagtig was. Daar is ook klippe afkomstig van sy plaas „De Platte Rug” naby die Sondagsrivier en van talle plekke wat histories in verband met die Voortrekkers en hulle stryd staan. So bv. het die destydse burgemeester van Durban, mnr. Noble, ’n klip per lugpos gestuur wat 25 pd. geweeg het en wat afkomstig is van die slagveld waar Robert Biggar, John Cane en 16 ander Britse Setlaars van Port Natal saam met ongeveer ’n 1,000 „mak” Zoeloes gesneuwel het in hul poging om Andries Pretorius in sy opmars teen Dingaan te help.



Kaart wat Landmeter J. Nobel in 1820 geteken het waarop Grahamstad aangedui word. Die kruisie dui die plek aan waar die paaie inmekaar geloop het en waar die uitspanning was. Op hierdie plek is die Bybelmonument gebou.

By hierdie fees was o.a. teenwoordig ’n agter-kleindogter van die Voortrekker Jacobus Uys, mej. A. M. Uys van Utrecht, Natal, ander Uys-afstammeling uit Natal en Transvaal en ook afstammeling van Thomas Philipps wat die Bybel oorhandig het. Een van lg. afstammeling, mnr. R. W. Carlisle, indertyd burgemeester van Fish Hoek naby Kaapstad, was die eerste persoon wat begin het om geld vir die bou van die Monument in te samel. Deur hom is ’n skrywe gerig aan ander Philipps-afstammeling van wie hy kennis gedra het en hierdie hydraes het die nukleus gevorm van die Bybelmonumentfonds, waarvan die destydse Goewerneur-Generaal, dr. E. G. Jansen, beskermheer geword het. Na sy dood is die beskermheerskap deur sy opvolger, mnr. C. R. Swart oorgeneem en wat met sy aanvaarding van die Presidentskap van die Republiek van Suid-Afrika voortgegaan het om hierdie beskerming aan die Komitee te verleen. Onder die eerste persone wat hydraes vir die oprigting van hierdie Monument gedoen het, was twee voormalige Eerste Ministers, wyle dr. D. F. Malan en wyle mnr. J. G. Strydom. Verder ook twee voormalige Administrateurs van Kaapland, nl. wyle mnr. P. J. Olivier

en wyle dr. J. H. Otto du Plessis, dr. Wm. Nicol, indertyd Administrateur van Transvaal en talle afstammeling van Jacobus Uys en ander Voortrekkers.



Die Inskripsie op die skutblad van die Uys-Bybel.

Tydens die feesvierings van 1957 het baie van die Voortrekker- en Setlaarsnasate bome geplant op die terrein. Een van daardie bome, 'n Norfolkdenneboom, is geplant deur mej. Lettie Uys van Utrecht, Uys se agter-kleindogter en staan bekend as die „Jacobus Uys-boom”. Tot dusver het die boom goed gegroei en is byna 8 voet hoog. Hierdie boomsoort kan selfs 'n hoogte van 80 voet bereik.

Die Bybel is aan Uys se trekgeselskap tussen 20 en 27 April 1837 oorhandig. Daar bestaan net een oorspronklike en tydgenootlike bron waarin 'n verslag van dié voorval opgespoor is. Dit is die geskiedkundige *Graham's Town Journal*, wat in sy uitgawe van 20 April 1837 vermeld dat die trekgeselskap van Uys hom in die nabyheid van Grahamstad bevind. Die blad sê: „We regret to find that Mr. Pieter Uys, who so greatly distinguished himself by his gallantry during recent Kaffir wars, is now in the vicinity of Graham's Town on his way to join the emigrant farmers. He has with him a party of 23 wagons and upwards of 100 souls, and he is accompanied by his father, who, at a very advanced age, is about to abandon for ever the land of his birth.”

Die vraag is al dikwels gevra hoe lank die Uys-trek naby Grahamstad

vertoef het. Volgens dieselfde blad kon dit nie langer as 'n week gewees het nie, want in sy uitgawe van 27 April 1837, word dié gebeurtenis reeds in die verlede tyd beskryf: „We mentioned in our last *Journal* that a party of emigrants from this Colony, consisting of upwards of 100 persons were then in the vicinity of Graham's Town”.

Die *Grahamstown Journal* bevat ook die volgende beskrywing van hoe dit gekom het dat die Bybel oorhandig is. In sy skrywe van 27 April 1837 skryf die koerant: „As the circumstances excited considerable attention (die koms van Uys se trek na Grahamstad) and a feeling of deep and general sympathy, it was resolved that some mark of attention should be shown them.” Die blad sê verder dat die geskenk bedoel was om die broederskapsgevoel en agting van die Engelse Setlaars teenoor die Boere-koloniste te bewys, asook hul diep meegevoel oor die oorsake waardeur „sovele goeie hande die Kolonie moes verlaat”.

Die hoë dunk wat die Engelse van die Boer en sy godsdienssin gehad het, blyk nêrens duideliker nie as uit die volgende sin uit die *Journal* se verslag: „As the most respectable and truly valuable present which could be made to them, a folio copy of the Sacred Scriptures was obtained in Massy Russia binding. The cost of this handsome volume was Rds. 100, which was raised by public subscription of one shilling each.”

Op die voorste buiteblad het die Bybel die volgende inskripsie in goue letters gedra: „Geschenk van de inwooners van Graham's Stad, en nabyheid aan den Heer Jacobus Uys, en zijne weggetrokkene landgenooten.” Die Bybelmonumentkomitee het as wydingstema gebruik die gedagte wat met die skenking van die Bybel gepaard gegaan het en wat soos volg op die skutblad omskryf word:

„Dit Heilige Boek is gepresenteerd aan Den Heer Jacobus Uys en zyn vertrokkene landgenoten, Door de Inwoonders van Graham's Stad en Omtrek, tot een VAARWEL GEDENDTEKEN (sic) van hun Hoogachting, en hartelyke Leedwezen op hun Vertrek. De angstvalligheid welke zylieden betoond hebben om te trachten een Prediker te verkrygen, en hunne stiptelyke nakoming der Heilige Instellingen, zyn duidelyke bewyzen dat in hunne wandelingen om een ander Land te zoeken, zy zich zullen laten geleiden door de Bevelen in dit Heilig Boek begrepen, en standvastiglyk aankleven aan deszelfs Heilige Wetten — de strenge Besluiten van den Schepper van het Heelal — Den God van alle natien en Volkeren!”

Dit is uiters treffend dat sowel die Engelse as die Boere self in wat hier aangaan, hulle diep en kinderlike afhanklikheid van die Hemelse Vader getuig. Die heer Thompson sê: „En nu, wij roepen u toe: „Vaarwel, vertrouwende dat de Hemelse Vader over u zal blijven waken, en de hoop dat door u het Evangelie van Zijn Zoon Jesus Christus over de nu duistere volkerene in de binnelanden zal worden verspreid.”

Na sy dankwoord sê die ou patriarg Jacobus Uys: „Ik heb de vrijmoedigheid u te verzekeren dat uw geschenk niet op ons weggeworpen zal zijn, maar dat ik, en elkeen van mijn gezelschap, de voorschriften van dit Heilig Boek te handelen, en aldus toonen, dat wij getrouwe volgelingen van onze Here Jesus Christus zijn.”

Die vraag ontstaan nou: Waar is die Bybel tans? Nadat die Bybel saam met die trek van Jacobus Uys Grahamstad verlaat het, bevind die Bybel hom weer saam met hulle in Natal. Dit was in Junie 1838, dus ruim twee maande na Piet Uys se dood. In wie se besit die Bybel toe was, is nie bekend nie, maar wat wel bekend is, is dat die Voortrekkerleraar Erasmus Smit dit by die godsdiensoefening gebruik het. Onder 11 Junie (dit was 'n Maandag) lees ons in 'n aantekening in die *Dagboek van Erasmus Smit*, die volgende: „Tegen den avond hoorden wij dat die gehouden volksvergadering waarin de achtenswaardige Jacobus Boshoff 't voorsitterskap bekleede, wel is afgelopen. Z.Ed. heeft, onder andere zyn gevoelens blootgelegd over de in Grahamstad ten geschenke gegeven Oktavo Bybel; daaruit de tekst des leraars van de vorige dag herlezen; en als 'n tegenwoordig geweestzynde toehoorder (van die diens deur Smit gehou) zyn aanmerkingen aan de vergadering meegedeeld”.

In 1897 is die Bybel deur die Republikeinse regering vir 'n bedrag van £150 van die destydse eienaar, mnr. Cornelis Jansen Uys van Zoeloeland, aangekoop. Volgens 'n inskrip in die Boek, was mnr. Uys verkeerdelik onder die indruk dat die Bybel aan „Cornelis Johannes Uys” geskenk was. Die Bybel is in 1897 deur die landdroos van Vryheid aan die Staatsmuseum te Pretoria besorg, waar dit in 1920, toe Gustav Preller sy *Voortrekkermense* opgestel het, nog berus het. Preller verklaar dat die Bybel 'n nuwe State-uitgaaf van Jakob en Hendrik Keur, Dordrecht, Anno 1756, was.

Volgens inligting van die Transvaalse Museum ontvang, is die Bybel saam met ander Voortrekkergedenkstukke, tans in die Voortrekkermonument.

D. J. J. Pretorius,
(Ere-sekretaris, Bybelmonument)